HEBREW PEOPLE BIED AAN



# HEBREEUS IS LEKKER MAKLIK!

Werkboekie vir die Kursus

deur
Tiaan Nel

# שָׁלוֹם

Welkom by hierdie wonderlike reis om Hebreeus te leer! Dankie dat jy saam met ons leer en dat ons hierdie pad saam met jou mag stap.

Moet asb nie hierdie werkboek kopieër of versprei nie.
As jy belangstel in ons leermateriaal, kontak Tiaan gerus.

Die aanlyn lesse is beskikbaar op www.kolkallah.com

Stuur jou huiswerk asseblief altyd direk vir Tiaan Nel:

tiaan@hebrewpeople.com

+27 82 097 0408

Geniet die lesse!

*Drukkervriendelike idee: stel jou drukker in om vanaf die tweede bladsy te begin druk en in swart en wit te druk.*

Die lesse is op 'n donasie basis. Donasies is welkom en kan hier inbetaal word:
T Nel
Absa Bank
9178127919
Tjek rekening

# Les 104 — 104 שִׁיעוּר

**Kyk gerus na die opnames van die lesse om die konsepte in elke eenheid te verstaan. Die regte uitspraak en belangrike wenke word in die opnames gegee.**

**Kleur kodes:**
In Hebreeus word voornaamwoorde, werkwoorde en byvoeglike naamwoorde in manlike en vroulike geslagte gekategoriseer . Ons sal die volgende kleurkodes gebruik om dit vir jou makliker te maak:
Blou vir manlike woorde of die manlike manier om iets te sê
Rooskleur vir vroulike woorde of 'n vroulike manier om iets te sê
Groen vir woorde wat vir manlik en vroulik gebruik word

Verlede week het ons geleer hoe om onsself voor te stel en te vra '*Wie is jy*?' en '*Wat is dit*?' Hierdie week leer ons nog 'n klompie maklike sinne, vraagwoorde, 'n paar teenoorgesteldes, 'n klein bietjie grammatika en 'n nuwe Bybelvers. Geniet dit! In die opname leer jy ook hoe afkortings in Hebreeus werk.

**Hersiening (uit les 101)**
Soos in enige taal moet ons in Hebreeus ook leer om woorde reg te spel. Spelling is belangrik! Daar is byvoorbeeld in Afrikaans 'n groot verskil tussen die woorde 'fiets' en 'viets'! Alhoewel ons dus letters het wat eenders klink, moet ons nogtans leer, watter letter om in elke woord te gebruik.

Hierdie woordpare klink presies dieselfde, maar soos julle kan sien verander hulle betekenis afhangende van die manier hoe hulle geskryf is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| met | עִם | as | אִם |
| arm | עָנִי | ek | אֲנִי |

**Hierdie letters het presies dieselfde klank:**
- Alef א en Ajien ע (albei is stil letters – hulle het geen klank nie)
- Wet ב en Waw ו (albei het die **W**-klank soos in **w**ater)
- Get ח en Gaf כ (albei het die **G**-klank soos in **g**enu**g**tig)
- Kaf כּ en Kof ק (albei het 'n **K**-klank soos in **k**offie en **k**oe**k**)
- Sameg ס en Sin שׂ (albei het 'n **S**-klank soos in **s**and en **s**uiker)

Is daar 'n manier hoe om te weet wanneer ons watter letter moet gebruik? Ja! Ons leer die spelling en dan weet ons! 😊

**Teenoorgesteldes:**

| **Plek om te oefen** | | | | | | **Plek om te oefen** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | koud | קַר | ≠ | חַם | warm | |
| | hier | פֹּה | ≠ | שָׁם | daar | |
| | sleg / boos | רַע | ≠ | טוֹב | goed | |

**Vraagwoord WAAR?**

| | |
|---|---|
| Waar? | אֵיפֹה |
| Waar is dit? | אֵיפֹה זֶה? |
| Moontlike antwoord: | זֶה פֹּה of זֶה שָׁם |

**Vraagwoord HOEKOM?**

| | |
|---|---|
| Hoekom? | לָמָה? |
| Want... | כִּי... |
| Sommer! | כָּכָה! |

Voorbeeld: לָמָה אַתְ שָׁם? כִּי אֲנִי לֹא פֹּה!

Of: לָמָה אַתָּה טוֹב? כָּכָה!

**Grammatika**
**Werkwoorde in Hebreeus in die teenwoordige tyd**

In Hebrees is werkwoorde manlik of vroulik, afhangende van die persoon wat die taak uitvoer. Vandag kyk ons na die werkwoord '*vlieg*' in die teenwoordige tyd. As 'n man vlieg, is die werkwoord anders as wanneer 'n vrou vlieg. 'n Groep mans of ´n groep vrouens het dan ook weer 'n ander vorm van dieselfde werkwoord. Dit klink moeiliker as wat dit is! Alle werkwoorde word in die volgende vier kategorieë vervoeg:

| | |
|---|---|
| Vroulik enkelvoud (ek, jy, sy) | Manlik enkelvoud (ek, jy, hy) |
| Vroulik meervoud (ons, hulle, julle) | Manlik meervoud (ons, hulle, julle) |

Dit is belangrik om te weet dat in Hebreeus 'n groep slegs vroulik is wanneer al die mense in daardie groep vroulik is. Sodra een seun of man of selfs 'n baba seuntjie deel is van die groep, word die groep dadelik as manlik beskou. Daarom lees ons so gereeld van *broers* en *vaders* en *seuns* in die Bybel. Vroue is altyd ingesluit! Dit is maar net hoe die grammatika van Hebreeus werk! Eintlik baie mooi om te weet dat dames altyd ingesluit is, né?

**Werkwoord: vlieg (לָטוּס)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | טָסָה | טָס | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | טָסוֹת | טָסִים | Manlik meervoud |

**Gelukkig is daar 'n patroon!** En wanneer ons begin om in die werkwoorde in te duik, sal jy dit beslis herken. Vir nou is dit belangrik om te weet, dat ons altyd met die manlike enkelvoudige vorm begin wanneer ons werkwoorde vervoeg.

- 'n Werkwoord word **vroulik enkevoudig** deur die letter He ה of Tav ת aan die einde van die manlike enkelvoudige vorm te heg.
- **Manlike meervoud** kry ons deur manlik enkelvoud + ים,
- en **vroulike meervoud** kry ons deur manlik enkelvoud + וֹת

| | |
|---|---|
| Ek vlieg. (manlik enkelvoud) | אֲנִי טָס |
| Jy vlieg. (manlik enkelvoud) | אַתָּה טָס |
| Ek vlieg. (vroulik enkelvoud) | אֲנִי טָסָה |
| Jy vlieg. (vroulik enkelvoud) | אַתְּ טָסָה |

## Woordeskat

| Hebreeus | Plek om te skryf | Afrikaans |
|---|---|---|
| קַר | | koud |
| פֹּה | | hier |
| רַע | | sleg |
| חַם | | warm |
| שָׁם | | daar |
| טוֹב | | goed |
| אֵיפֹּה? | | Waar? |
| לָמָּה? | | Hoekom? |
| כִּי... | | want... |
| הַלְלוּיָהּ | | Halleluja |
| עֻזִּי | | My sterkte |
| אָחִי | | My broer |
| אֲדוֹנִי | | My heer |
| עִם | | met |
| אִם | | as |
| עָנִי | | arm / nederig |

→ Die laaste drie woorde op ons lysie volg 'n spesifieke patroon. Wanneer ons in Hebreeus die letter YOD aan ´n woord heg, dui dit aan, dat dit *myne* is. Vir die taalkundiges onder ons: Dit maak van ´n selfstandige naamwoord ´n besitlike voornaamwoord. Kyk of jy die besitlike voornaamwoord in vandag se Bybelvers ontdek...

## Notas:

## Bybelvers


Om die dieper geestelike betekenis van die Bybelvers te verstaan, kyk asb na die opname. Daar is soveel skatte wat ons in Hebreeus kann ontdek! In Afrikaans het Psalm 23:1 TIEN WOORDE! In Hebreeus net 5... Hoe werk dit dan nou??? Kom ons kyk!

> **Huiswerk:**
> Skryf hierdie Bybelvers asb in Hebreeus neer. Stuur ook asseblief vir Tiaan 'n stem nota waar jy hierdie vers lees of opsê.


## Psalm 23:1

| Afrikaans | Plek om te oefen | Hebreeus |
|---|---|---|
| Die HERE (JHWH) | | יהוה |
| (is) MY Herder | | רֹעִי |
| Nee / nie | | לֹא |
| sal ek tekort kom | | אֶחְסָר |

> **Huiswerk:**
> Skryf die Hebreeuse dialoog in die regte spraakborrels:
> - Hello Sarah!
> - Die Here is my Herder!
> - Hello Abraham! Die Here is my sterkte en my Heer!
> - Halleluja!
> (En teken tog net asb. 'n glimlag op Sarah se gesiggie in die laaste prentjie... 😊)



**Huiswerk:**
Skryf die volgende dialoog in Hebreeus.




Onthou asb om jou huiswerk en enige vrae wat jy het vir Tiaan te stuur!